



# INTERNASIONALE MARKTE - MARKTE ONTSENU DEUR KORONAVIRUS

**Die vernaamste internasionale markte het in Januarie laer gesluit en nie op die lopies van 2019 voortgebou nie. Die maand is deur wisselvalligheid gekenmerk en daar was veral op die laaste dag van die maand (Vrydag 31 Januarie) baie verkooptransaksies. Vir die eerste keer in maande was dit nie handelspanning tussen die VSA en China wat skommelinge veroorsaak het nie.**

Die negatiewe sentiment is aangedryf deur die impak van 'n nuwe vlaag van die koronavirus (2019-nCoV) wat in China uitgebreek het. Selfs 'n teken van agressie deur Amerikaanse President Donald Trump, wat opdrag gegee het vir 'n aanval wat die Irakse militêre leier Qasem Suleimani se lewe gekos het, het skielik minder aandag getrek. Die Wêreld Gesondheidsorganisasie (WGO) het op 30 Januarie die uitbraak van die koronavirus as 'n openbare gesondheidsnoodtoestand verklaar. Teen die eerste dae van Februarie is 17 405 slegs in China besmet en 362 dood. Gevalle is ook verskeie ander lande aangemeld, onder meer in Australië, Frankryk, Japan, Singapoer, Suid-Korea, Thailand, die VSA en Kanada. Dit het ongekende wisselvalligheid op markte te weeg gebring en die verwagting is dat dit vir 'n geruime tyd sal voortduur.

Die Nasdaq het laat in Desember 2019 vir die eerste keer die 9 000 kerf bereik en in Januarie 2% hoër afgesluit, ondanks 'n hele paar skommelinge deur die loop van die maand. Die Nasdaq is aangevuur deur 'n indrukwekkende vertoning deur Amazon (+ 8.7% maand op maand) nadat dié maatskappy beter as verwagte resultate aangekondig het, Die S&P 500 het vir die maand 0.2% laer gesluit en die Dow Jones 1% laer, hoewel daar in die maand nuwe hoogtepunte aangeteken is. Albei die indekse het die grootste een dag dalings sedert Augustus 2019 aangeteken danksy die groeiende vrese oor die impak van die koronavirus.

Wat ekonomiese data betref was daar goeie nuus en die Amerikaanse ekonomie het in die laaste kwartaal van 2019 met 2.1% gegroei – soos verwag is – en die groeikoers vir die volle jaar was 2.3%. Kleinhandelverkope het in Desember met 0.3% tenoor Desember 2018 toegeneem danksy 'n bevredigende Kersseisoen. Amerikaanse inflasie het effens gestyg en 'n jaarsyfer van 1.6% teenoor die 1.5% vir dieselfde tydperk in 2018 is bekend gemaak.

## ➢ VK VERLAAT OPLAAS EU

Die vernaamste Europese markte het ook swakker gevaar. In Duitsland, die streek se grootste ekonomie, het die DAX in Januarie 2% laer as in Desember gesluit terwyl die CAC in Frankryk maand op maand 2.9% laer was.
Die verwagting is dat die ekonomie van die Europese Unie in die laaste kwartaal van 2019 met net 0.1% gegroei het. Die aantal werkloses het tot 7.4% gedaal, volgens Reuters die laagste vlak sedert Mei 2008. Ná vier jaar van onsekerheid het Brittanje op 31 Januarie 2020 finaal die Europese Unie verlaat. Nuwe handelsooreenkomste moet nou met die VK se grootste handelsvennote in die streek onderhandel word. Die FTSE 100 het Januarie 3.4% laer as in Desember afgesluit.

In Asië was Chinese markte vir ŉ tydperk gesluit vir spesiale openbare vakansiedae en ook vir bykomende dae sodat die Chinese regering die uitbraak van die koronavirus kan bestuur. Die Hang Seng het die maand 6.7% laer afgesluit en in Hong Kong het die Shanghai saamgestelde indeks maand op maand 2.4% laer gesluit. Hoewel die Japanese mark op die laaste dag van die maand goed vertoon het, het die Nikkei maand op maand 1.9% laer gesluit.

# PLAASLIKE MARKTE
## - EKONOMIE GETREF DEUR BEURTKRAG

**Die reeds sukkelende plaaslike ekonomie is in die eerste weke van 2020 getref deur beurtkrag, veel vroeër as wat verwag was. Kommentators het vinnig reageer en daarop gewys dat dit tyd gaan neem voor die volle impak van beurtkrag besef sal word maar het saamgestem dat die moeilike ekonomiese omstandighede beslis gaan voortduur.**

Die bedrukte ekonomiese atmosfeer is vererger toe nuus van afleggings deur verskillende maatskappye, onder meer Massmart, aangekondig is. Business Day het berig dat Massmart ná ‘n deeglike operasionele ondersoek besluit het om verskeie van sy winkels wat nie goed vaar nie, te sluit. Massmart het met onderhandelinge begin wat 1 440 werknemers kan raak aangesien hy beplan om alle Dion Wired winkels te sluit asook ‘n paar ander winkels wat deel is van die groep. Die nuus webblad The South African het dit as ‘n ‘swart Januarie’ beskryf toe die nuus van afleggings deur Massmart, farmaseutiese maatskappy Aspen en ook deur telekommunikasiemaatskappy Telkom bekend gemaak is.

Die Wêreldbank het die verwagte groeisyfer vir SA in 2020 aftwaarts aangepas (0.9% teenoor 1% voorheen) en ook voorspel dat BBP in 2021-22 met gemiddeld 1.4% kan groei, mits President Cyril Ramaphosa se administrasie die nodige strukturele hervormingsprojekte aanpak en beleidsonsekerheid aanspreek. SA se afvaardiging na die Wêreld Ekonomiese Forum (WEF) se jaarlikse byeenkoms in Davos was beduidend kleiner as vorige jare.

## ➢ JSE SLUIT LAER

Na ‘n beter vertoning in Desember het die JSE se Indeks van Alle Aandele Januarie 1.8% laer afgesluit. Goeie stygings deur swaargewigte soos British American Tobacco (+10.3% maand op maand), Naspers (+7.4% maand op maand) en Prosus (+2.5% maand op maand) was nie genoeg om die Indeks van Alle Aandele genoegsaam te steun vir ‘n positiewe maand nie. Daardie aandele het wel die Indi-25 gesteun, wat die maand 2% hoër as Desember afgesluit het. Die Resi-10 het swakker as in Desember gevaar danksy dalings in die aandeelpryse van maatskappye soos Anglo American Platinum (-8.2% maand op maand), Anglo American (-2.1% maand op maand) en BHP Group (-1.2% maand op maand). Die Fini-15 (-5.9% maand op maand) het weer swak gevaar danksy dalings in die aandeelpryse van Nedbank (-8.7% maand op maand), ABSA (-7.9% maand op maand), Capitec (-6.9% vir die maand) en Standard Bank (-6.4% maand op maand).

DRD Gold was die beste vertoner vir die maand met ŉ styging van 29.6%, gevolg deur Pan African Resources (+17.6% MoM), met Reinet (+16.3%) in die derde plek.

Die aandeelprys van die Britse winkelsentrum eienaar Intu was in Januarie weereens onder druk het met ŉ verdere 45% teenoor Desember gedaal. Ascendis Health was die tweede swakste vertoner (-34.9% laer maand op maand) met EOH Holdings in die derde plek.

## ➢ VERLAGING VAN REPOKOERS BRING VERLIGTING

Die Monetêre Beleidskomitee van die SA Reserwebank het by die eerste vergadering vir 2020 die repokoers met 25 basispunte verlaag, wat effense verligting vir verbruikers beteken. Verbruikersprysinflasie het in Desember opwaarts beweeg en 'n jaar op jaar koers van 4% (3.6% in November) is in Desember bekend gemaak ná drie opeenvolgende maande van dalings. Die jongste kleinhandel afsetsyfers toon dat verkope in November verwagtinge oortref het en jaar op jaar met 2.6% gestyg het. Die sogenaamde 'Swart Vrydag' verskynsel het die syfers gesteun, maar die verwagting is dat dit Desember se kleinhandelverkope negatief beïnvloed het.

## ➢ LAER VOERTUIGVERKOPE DUUR VOOR

Die verkope van nuwe voertuie was 8.1% laer as in Januarie 2019. Die Duitste vervaardiger BMW het besluit om voortaan wêreldwyd nie meer maandelikse syfers bekend te maak nie, slegs kwartaaliks. Dit beteken BMW se syfers is nie by die SA syfers vir Januarie ingesluit nie en is dus geen volledige weergawe van die stand van sake nie.

Sonder die syfers vir BMW is 39 475 voertuie in Januarie verkoop. In Januarie 2019 was die syfer 42 956 (BMW ingesluit).

*Bronne: Anchor Capital, Business Day, The South African*

# SLIM WENK

# - MAAK PLANNE OM BELASTING TE BESTUUR

**Die einde van die belastingjaar is op pad maar daar is nog tyd om gebruik te maak van belastingtoegewings voor die keerdatum van 29 Februarie. Bydraes kan gemaak word tot belastingvrye spaarrekenings – maksimum R33 000 per jaar – en daar is ook nog tyd om nog geld na uittree annuïteite oor te plaas.**
**RAADPLEEG 'n BELASTINGKENNER OF FINANSIËLE ADVISEUR.**

**Brenthurst kliënte word aangeraai om nie later nie as 21 Februarie 2020 enige instruksies te finaliseer om seker te maak dat dit voor die keerdatum afgehandel is.**
**LEES MEER OOR BELASTINGSAKE HIER: BELASTINGBEPLANNING.**



## MAAK SEKER DAT 'N BELEGGINGSTRATEGIE EN FINANSIËLE PLAN AANGEPAS WORD AS OMSTANDIGHEDE VERANDER


| | | | |
|---|---|---|---|
| **Johannesburg** | +27 (0) 11 799 8100 | **Newlands** | +27 (0) 21 418 1236 |
| **Sandton** | +27 (0) 10 035 1391 | **Bellville** | +27 (0) 21 914 9646 |
| **Pretoria** | +27 (0) 12 347 8240 | **Stellenbosch** | +27 (0) 21 882 8706 |
| **Mauritius** | 00 230 5843 5215 | **Cape Town** | +27 (0) 21 418 1236 |


BRENTHURST WEALTH IS IN 2017 AS DIE TOP BOETIEK WELVAARTBESTUURDER IN SA AANGEWYS EN WAS DIE NAASWENNER IN 2018 IN DIE INTELLIDEX PRIVATE BANKE EN WELVAARTBESTUURDERS TOEKENNINGS.